

## UITSTYGTOEKENNINGS

*Afgeneem in Victoriastraat op die hoofkampus, is die 2006-ontvangers van die Rektor se Uitstygtoekennings, Amanda de Beer, Toni Mould en Daniella Badenhorst. Hierdie toekennings gaan jaarliks aan studente wat uitnemend presteer op akademiese en ander terreine ten spyte van teenspoed soos siekte, gestremdheid, moeilike persoonlike omstandighede of ernstige finansiële probleme. Hierdie geldelike toekenning van tot R50 000 per jaar help studente om hulle volle akademiese potensiaal te ontwikkel.*

